**Hoërskool Oos-Moot**
HAARHOFFSTRAAT 1120, VILLIERIA, 0186
Telefoon: (012) 332-0601
E-pos: oosmoot@oos-moot.co.za
www.oos-moot.co.za

12 Desember 2024

Geagte Ouer/Voog

**EERSTE DOGTERSHOKKIE-OEFENGROEP, 2025**

Die Eerste dogtershokkie-oefengroep is genooi om in 2025 aan twee feestoernooie deel te neem ter voorbereiding van die 2025 liga.

| Datums | Plek | Koste |
|---|---|---|
| 28 Februarie (Moontlik ook 1 Maart 2025) | St Mary's DSG, Pretoria | R 100 per speler |
| 7 - 8 Maart 2025 | Krugersdorp High School | R 500 per speler |

**Betaling**

- Toergelde kan by die skool se finansieskantoor of in die skool se rekening inbetaal word.

| **Bankbesonderhede:** | | |
|---|---|---|
| Rekeningnaam | : | Hoërskool Oos-Moot |
| Bank | : | First National Bank (FNB) |
| Rekeningnommer | : | 63124628041 |
| Takkode | : | 210835 |
| Verwysing | : | PR351 speler voorletter+van+span (bv. PR351Hnel1stdogter) Stuur asseblief die bewys van betaling na astro@oos-moot.co.za |

- Alle kostes is betaalbaar voor of op 12 Februarie 2025.

***Let wel:***

- *Indien 'n ouer nie hierdie verpligting kan nakom nie is dit die verantwoordelikheid van die ouer om 'n skriftelike reëling met mev. A Jacobs (finansies@oos-moot.co.za) te tref voor die aanvang van die toer.*
- *Leerders wat borge benodig om hul toere en toernooie te help finansier kan borgvorms by me. L Steyn afhaal. Stuur asseblief 'n e-pos aan l.steyn@oos-moot.co.za om een aan te vra. Dit sal 17 Januarie 2025 beskikbaar wees.*
- *Ouers kan nou reeds betaling vir die toernooie begin doen. In die geval waar u dogter nie deel uitmaak van die span vir die feestoernooi(e) nie, sal die gelde oorgedra word na u skoolfondsrekening.*
- *Geen leerder sal toegelaat word om op toer te gaan indien die volle bedrag betaal is of daar 'n reëling reeds in plek is voor die afsnydatum vir betalings nie.*

Die ouer is van die wete dat alle en enige nodige kommunikasie vroegtydig met die organiseerder me. L. Steyn (l.steyn@oosmoot.co.za) getref sal word en dat dit die verantwoordelikheid van die ouer is om die organiseerder in kennis te stel van enige relevante sake rakende u kind vir hierdie aangeleentheid. Die dokumentasie hieronder gelys, moet op die laatste 1 Februarie 2025 by die spanbestuurders ingehandig word. (U hoef slegs een stel van die dokumente vir die seisoen in te handig.)

- Toestemmingsbrief (Aanhangsel A van die Brief*: 'Hokkietoere 2025 inligtingsbrief Bethlehem*')
- Geboortesertifikaat (Afskrif)
- Mediese inligting (aangeheg) en mediesefonds kaart (Afskrif), en indien nodig, 'n allergiebrief.

**Wedstryde**

Wedstrydprogramme sal beskikbaar gestel word, sodra ons dit ontvang.

Oos-Moot groete

| | | |
|---|---|---|
| S THERON | B PRETORIUS | L STEYN |
| TOESIGHOUDENDE HOOF | SPORTHOOF | ORGANISEERDER |

Ons omgee-uitleefskool

*Waar ons met passie potensiaal ontsluit*